

DIE BURGER

Skoon water

DIE afgelope tien jaar is goeie vordering gemaak om basiese waterverskaffing en sanitasie aan al Suid-Afrika se inwoners te verbeter.

Ondanks dié vordering het miljoene arm mense vandag egter steeds nie toegang tot skoon drinkwater en sanitasiegeriewe nie.

Dié agterstand hou al hoe ernstiger gesondheids-implikasies vir ryk én arm in – soos studies oor watergehalte toenemend uitlig.

E.coli, salmonella, Enterococcus faecalis – noem maar op. Die riviere wat deur bewoonde gebiede vloei, wemel van skadelike organismes. En in baie gevalle begin dié organismes reeds weerstand opbou teen chloorbehandeling en antibiotika – met nare gevolge vir watergebruikers.

Die minister van waterwese het juis vandeeweek in haar begrotingsrede gewaarsku dat meer as 60% van alle munisipaliteite nie kan sê of die water wat hulle verskaf wel aan die nodige gehalte-vereistes voldoen nie.

Hoewel informele behuising langs rivieroewers en swak sanitasie die grootste besoedelaars is, is ontoereikende munisipale rioolwerke en lekkende pypleidinge ook ou sondaars.

Met die toenemende druk op varswaterbronne, aangeblaas deur verstedeliking en klimaatsverandering, kan die huidige vlakke van waterbesoedeling eenvoudig nie langer bekostig word nie.

Plaaslike owerhede word grondwetlik verplig om voldoende sanitasie en goeie afvalbestuur te verseker. Dit behels 'n gestruktureerde en volhoubare watergehalteplan. Dit help niks dat Suid-Afrika van die beste waterwette ter wêreld het, maar die politieke wil ontbreek om dit op voetsoolvlak toe te pas nie.

Die infrastruktuur-agterstand in Suid-Afrika is weliswaar enorm. Dit is egter geen verskoning vir plaaslike owerhede om terug te sit en te kyk hoe die water onder die brug deurvloei nie.